### *Behoefte en die kwaad daarvan*

**10** Het julle nie gelees oor die vroeëre aardse paradys waar die eerste mens geskape was nie? Hierdie paradys was `n groot tuin en goed voorsien van die heerlikste vrugte op die hele aarde; en tog kon die hand van `n mens hierdie tuin onmoontlik vooraf bewerk het! Ook het die eerste mense geen huise en geen stede gehad nie; hulle het maar baie min behoeftes gehad wat maklik bevredig was, maar hulle het daarby tog gesond gebly. Hulle het altyd `n baie hoë leeftyd bereik en het daarom baie tyd gehad om hulle met die geestelike vorming van hul siele besig te hou en hulle het byna deurlopend in sigbare verbinding gestaan met die hemelse magte.

[2] Kain bou egter toe deur die influistering van die satan, vir sy seun Hanog* `n stad met dieselfde naam; en lê daardeur die basis vir alle kwaad op aarde. *[*Hanog, die seun van Kain]*

[3] Ek sê vir julle: Die mens het vir die lewe op hierdie aarde gladnie baie nodig nie; **maar die trots van die mens, sy traagheid, sy hoogmoed, sy selfsug en heerssug vra onbeskryflik baie en kan nooit bevredig word nie!**

[4] Daarop is die sorg van die mense die meeste gerig en hulle het dan natuurlik geen tyd meer om hulle besig te hou met dit waarmee hulle hulleself eintlik moes besig hou nie, omdat Elohim hulle slegs dáárvoor op hierdie wêreld geplaas het.

[5] Vanaf Adam tot Noag het die mense van die hoogte nooit oorlog gevoer nie, omdat hulle slegs baie geringe behoeftes gehad het en omdat niemand méér wou wees as sy broers nie en omdat die ouers hul aansien teenoor hul kinders altyd baie hoog gehou het deurdat hulle altyd die wyse leiers, leraars en raadgewers van hul kinders gebly het.

[6] Maar in die laagte, waar die mense wat in hulle hart en verstand blind was, **hulle leraars en leiers en raadgewers skitterend begin opsmuk het**, hul hoofde gesalf en met krone versier het en hulle vanweë die groter aansien ook allerlei mag en gesag verleen het, was dit weg met die eenvoudige lewe en die geringe behoeftes!

[7] Prag het `n groot maag wat nooit versadig kan word nie. Die aarde kon op `n beperkte oppervlakte nie meer voldoende voedsel geproduseer het nie en die moeilik te versadigde en pragliewende mense het hulle verder en verder begin te versprei, het die in beslag genome grond hul eiendom genoem, dadelik vir hul praal gesorg en het daardeur nyd en jaloesie opgewek en dit het weldra afguns, twis, onvrede en oorlog veroorsaak. Die sterkere het uiteindelik die reg verkry en het heerser oor die swakkere geword en het hulle gedwing om vir hom te werk en hom in alles onderdanig te wees. Die weerspanniges was getugtig en selfs onder bedreiging met die dood tot onvoorwaardelike gehoorsaamheid gedwing!

[8] En kyk, dit was alles die gevolg van die uiterlike kultuur van die aarde, die liefde vir prag en praal en die daaruit voortkomende hoogmoed!

[9] As Ek nou, deur My Gees wat uit die hemel kom, julle weer terug wil bring na die gelukkige oertoestand van die eerste mense en aan julle die reeds lank verlore weë na Elohim se ryk heeltemal wil toon, hoe kan julle dan sê dat die voorwaardes wat deur My gestel is om My leerlinge te word, te hard en vir almal haas onuitvoerbaar is!

[10] Ek sê vir julle: **Die juk wat Ek op julle skouers lê, is sag en die las wat ek julle wil laat dra, is so lig soos `n veertjie** in vergeleke met wat julle nou dag na dag dra.

[11] Hoe ver strek julle sorge oor die hele wêreld! Julle het dag en nag nóg rus nóg duurte; en dit alleen maar vanweë die wêreld en veral omdat julle nie beperk wil word in julle ingebeelde prag en in julle luukse lewetjies nie, ten koste van die dikwels bloedige sweet van julle swakke broers en susters!

[12] Hoe moet die siel by al hierdie sorge nog tyd vind om ook nog iets te doen vir die opwekking van Elohim se Gees in haar!?

[13] Ja, julle siele en die siele van miljoene weet nie eers meer dat hulle draers van die Gees van Elohim is nie. Laat staan nog dat hulle by hul eindelose, wêreldse sorge ook maar iets ten bate van die vryen selfstandig word van hulle gees sou kon en wou doen. Daarby word die arme en swakke mensdom te veel tot bloedige en rustelose knegarbeid opgejaag deur julle, ter wille van júlle liefde vir prag en luukse en kan daarom óók niks doen vir die vry en selfstandig word van hulle gees nie. En so is julle tesame met julle onderdane dood en waaragtige kinders van satan en wil My Woord nie hoor wat julle opreg en waaragtig na die lewe sal bring nie. Daarenteen verdedig julle julle eie woord wat julle en al julle ondergeskiktes onvermydelik die ewige dood sal bring!"

### *Die aanleiding tot die sondvloed*

**11** "Mense kla Elohim nog altyd aan en sê: 'Hoe kon Elohim `n alles verstikkende sondvloed oor die aarde laat kom en hoe kon Hy die mense in Sodom en Gomorra vernietig het?' O, dit was baie eenvoudig! Want waarom sou Hy, **aangetaste vleesklonte wat van lewe voorsien is**, nog langer

op die aardbodem laat uitspruit, as hul siele so ver van die ou orde van Elohim verwyder geword het dat by hulle selfs die laaste spoor van bewussyn van hul eintlike identiteit deur pure sorg vir die vlees, verdwyn het!?

[2] Kan die siel van die mens hom nog sterker met die vlees verbind as by mense waarvan die siel nie net geen enkele besef meer van die Gees van Elohim het nie, maar haarself uiteindelik so dikwels verloën dat sy selfs in volle erns haar eie bestaan begin te ontken en nie meer oortuig is daarvan dat sy wel bestaan nie!?

[3] Ja, as hierdie toestand eenmaal by die wêreldse mensdom ingetree het, het die mens ook heeltemal opgehou om mens te wees. **Hy is dan slegs `n instinkmatige, verstandige dier** en glad nie verder in staat tot enige verdere ontwikkeling van die siel en die gees nie. Daarom moet die vlees gedood word en vergaan, tesame met die té vaste vlees verbonde siel, sodat daar miskien na talle duisende jare `n heeltemal vry van die vlees geworde siel weer die weg van haar eie ontwikkeling en self-standigwording sal kan volg, hetsy nog op hierdie aarde of op `n ander.

[4] Dat daar nou egter al weer baie mense is wat deur hul oorgrote sorg vir die wêreld en hul liggaam niks meer van hul eie siel af weet nie, dit kan julle deels by julleself, en deels by die Sadduseërs en vir die grootste deel by alle mense sien. **Want niemand weet meer wie en wat die siel is nie!** Mense gebruik die woorde wel en sê: 'By my siel, en 'in my siel', maar as `n mens iemand dan daarna vra en sê: 'Vriend, wie en wat is die siel dan?', dan is die gevraagde radeloos!

[5] Maar as die siel haarself eenmaal nie meer ken nie en uiteindelik heeltemal vergeet het wat en hoe sy is, dan hou alles op! Vir Elohim bly daar dan niks oor as om die aardbodem opnuut bloot te stel aan die ou handeling van die verdelging van mense nie, nou eers in sterker, en dan weer in minder sterke mate, afhangende van die stand van sake by die mense en of hulle nog iets of glad niks meer van hul gees en hul siel af weet nie.

[6] Hierdie suiwer wêreldse- en vleeslike mense sien dikwels uiterlik baie mooi en aantreklik daar uit, veral die vroulike geslag, wat heel verstaanbaar is deur die altyd groter eenwording van hulle siele met die vlees. Maar daardeur word sulke mense ook swak en baie ontvanklik vir alle slegte, fisiese indrukke. Hul liggame word maklik siek en die geringste kontak met `n besmetlike siekte is dodelik vir hulle, terwyl mense wat `n vrye siel en daarin `n vrye gees het, alle gifstowwe op aarde oor hulle heen kan laat kom sonder om ook maar die geringste skade te ly. Want `n vrye siel met `n vrye gees daarin het krag en middele in oorvloed om elke swak vyand kragdadig te bestry, terwyl `n siel wat in alle lewens-uitinge aan haar vervloekte liggaam vasgeketting is, na `n hande en voete gebonde reus lyk wat hom selfs nie teen `n lastige vlieg kan verweer nie en moet duld dat `n swakke dwerg hom heel op sy gemak, maar des te pynliker, met `n mes die kop van sy lyf afsny."